Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig

Sondag, 29 November 2026
1e Advent en Dankie Sê-Sondag

Kyk – kyk met verwagting – en sien die vrou, die Kind, die kerk!

"Toe het daar 'n indrukwekkende teken in die hemel verskyn: 'n vrou beklee met die son, met die maan onder haar voete, en op haar kop 'n kroon van twaalf sterre… Sy het geboorte geskenk aan 'n manlike kind … En haar kind is weggevoer na God en sy troon. Die vrou het egter die woestyn in gevlug, na 'n plek wat daar vir haar deur God gereed-gemaak is sodat hulle haar daar twaalfhonderd-en-sestig dae lank kon versorg. … Die draak was woedend vir die vrou, en het weggegaan om oorlog te voer teen die res van haar nageslag wat die gebooie van God nakom en vashou aan die getuienis wat Jesus gelewer het."
(Openbaring 12:1, 5-7 en 17)

Op 'n Sondag, iewers in die laaste jare van die eerste eeu ná Christus – 'n baie onsekere tyd vir die vroeë Kerk, vir gelowiges wat gemarginaliseer, verjaag en vervolg was – hoor die gryse apostel Johannes op die eiland Patmos 'n Stem agter hom, kyk om, en sien Jesus Christus daar staan; tussen sewe goue kandelare, die gemeentes; in sy hand sewe sterre, die boodskappers (Openbaring 1:9-19). 'n Ongelooflike versekering: Hy wat leef – die Alfa en die Omega, die Leeu, die Lam van God – is hier en Hy wéét wat gebeur! En Hý spreek die laaste woord (1:18)! Aan elk van die sewe gemeentes, die hele kerk, opgeteken in 'n brief aan elk (hfstk. 2-3)! Aan die ganse Skepping (hfsk. 4-5)! Aan almal wat ag slaan op die tekens van die sewe seëls (6-8), die sewe trompette (8-11), die sewe bakke (15-16). Aan almal wat "die gebooie van God nakom en vashou aan die getuienis van Jesus" (12:17).

Wat was eintlik hier aan't gebeur, hier op aarde? Vanoggend, dié visioen wat Johannes alles sou laat verstaan – dié "indrukwekkende teken": 'n vrou, 'n Kind en 'n kerk in die woestyn!

Daar was nóg groot visioene – tonele van God se troosryke heerskappy – wat Johannes sou sien: die Lam van God wat op die berg Sion staan, by Hom die simboliese 144 000 wat God se Naam dra (14:1-4); die Seun van die Mens wat op 'n wolk sit, gereed vir die "insameling van die oes" (14:5-20); sewe engele, wat die lied van die Lam sing (15:1-8). Dít, in die volgende drie Adventsondae, totdat ons op Kersoggend sal hoor van die bruilofsfees van die Lam (19:5-10). Uiteindelik, die visioen van die nuwe hemel en aarde, die nuwe Jerusalem (21:1-22:5), en ons roep saam met die Gees – Oujaarsaand – "Kom, Here Jesus" (22:20)…

JL.

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk. Welkom aan besoekers en aan diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Hierna volg die liturgie vir die diens; by die deure is daar 'n Liedboek of Bybel beskikbaar – neem gerus een en deel in ons liturgie.

Hierdie is die laaste Fokus vir 2026 en verskaf ons alle inligting tot in Januarie 2027.

LITURGIE

Verwelkoming en aansteek van 1e Adventskers

Wydingslied: "Die regte tyd het aangebreek" (Lied 341:1 en 4)

Votum en Seëngroet

Loflied: "Lofwaardig groot is God die Heer" (Psalm 48:1 en 3)

Herinnering aan die liefde van God – vir, in en deur ons 1 Johannes 4:7-10, 16-19

Verootmoediging: "Vir ons gebore as 'n mens" (Lied 341:2)

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Eerste danklied: "God maak ons kind en erfgenaam" (Lied 341:3)

Gebed

Skriflesing: Openbaring 12:1-18

Woordbediening

Tweede danklied: "Want so lief het God die wêreld gehad" (Lied 329, x 2)

Bevestiging van kerkraad, en dankie-sê

Derde Danklied: "Die werk behoort aan U, o Heer" (Lied 527:1 en 2)

Offergawe van liefde en dank

Uitnodiging en uitsending

Slotlied: "Hoe glansryk blink die Môrester" (Lied 372:1 en 3)

Seënbede, Amen en Orrelnaspel

Ander Eredienste:

Sondag, 29 Nov.	15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).
	18:00 – Ds Jan Lubbe: Diens van Woord, stilte & gebed (Taizé).
Sondag, 6 Des.	09:30 – Ds Janke Hurter (2e Advent).
Sondag, 13 Des.	09:30 – Prof. Jan-Albert van den Berg (3e Advent).
Woensdag, 16 Des	09:00 – Ds Jan Lubbe (Versoeningsdag).
Sondag, 20 Des.	09:30 – Prof. Hermie van Zyl (4e Advent).
Vrydag, 25. Des.	09:00 – Ds Jan Lubbe (Kersdiens).
Sondag, 27 Des.	09:30 – Prof. Martin Laubscher.
Donderdag, 31 Des	18:00 – Ds Jan Lubbe.
Sondag, 3 Jan.	09:30 – Ds Jan Lubbe.
Sondag, 10 Jan.	09:30 – Ds Janke Hurter.

Ons wens almal 'n aangename vakansie, geseënde Kerstyd en die vrede van Christus toe.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat in die vakansietyd verjaar:

29 Nov. Johan Diedericks, Theunis du Plessis, Louis Raubenheimer en Jan Swanepoel.
30 Nov. Ronnie Bester, Calista Botha en Chris Jordaan.
01 Des. Dawie Human.
02 Des. Elsa Fourie en Michellé Strauss
03 Des Francois Cilliers, Petro Crause, Hendrik Hoffman, Erika Reitz en Erika Weyers.
04 Des. Alice Langenhoven.
05 Des. Jaco Cilliers, Mienke Esterhuyse, Nico Muller en David-Rees Samuel.
06 Des. Heloïse Denner, Martie Jansen, Dalene Meintjies, Elmaré Retief, Adele v Jaarsveld
07 Des. Enid Botha, Derik Hechter en Cornelia Nel.
08 Des. Hendrik Fourie, Juliet Kruger, Denzel Lombard en Flippie Pretorius
09 Des. Joanie Prinsloo en Hendrik van Pletzen.
10 Des. Reas Botes, Esré Claasen, Sonika Collins, Hanno Joubert en Carla Loots.
11 Des. Martina de Lange, Amelie Louw en Jannie Schutte.
12 Des. Werner Joubert, Karen Klindt en Johannes van Straaten.
13 Des. Carmi Terblanche.
14 Des. Henry Johnson en Mariëtte Pretorius.
15 Des. Hannelize de Wet en Jacques Potgieter.
16 Des. Philip Kotze, Johan Prinsloo en Jaco Smith.
17 Des. Aletia König en Jano Nel.
18 Des. Lizeth Kruger, Wicus Pretorius, Nico Schempers en Ettienne van Wyk.
19 Des. Marie Dippenaar, Zeneta van Rooyen en Linka Viviers.
20 Des. Faan du Toit en Sue Oosthuysen.
21 Des. Helene Engelbrecht, Leon Gray, Joos Hefer, Hannes Jordaan, Hanno Rossouw, Ivan Scheepers, Marlian Schutte en Isabel Smit.
22 Des. Lukas Fourie.
24 Des. RW Adendorff, JF Human en Devon van den Nieuwenhof.
25 Des. Louis Kruger en Alta Mulder.
26 Des. Renico du Plessis, Janco Nel, Dian Strauss en Michelle van Zyl.
27 Des. Jean Johnson, (ds) Johan Marais en William Murray.
28 Des. Mornay Pretorius.
29 Des. Mariette Bothma en Daniël Pretorius.
30 Des. Michelle Marais.
31 Des. Heath Marais, Ary Onderdelinden, Alphonso Pietersen en Jan van der Merwe.
01 Jan. Lihan Botha, Retha Connoway, Hanré de Wet, Lenie Fourie, Sophia Jordaan, Jeanine van Zyl en Miemie Wessels.
02 Jan. Huibrecht Krige en Esmé Schreuder.
03 Jan. JC de Jonge en Chané Potgieter.
04 Jan. Deonette Jacobs, Liezl Koekemoer, Ilse Nel, Petrus Pienaar, Lehanco Malan, SK van Heerden en Gerhard Wolmarans.
05 Jan. Elné Jerling, Gizelle du Plooy, Louis Jordaan, Pieter Oosthuizen, Lynn Potgieter en Victor Reitz.
06 Jan. Paul Bornman, Kaylie & Teagan Carstens, Pieter en Philip le Roux, Jan-Albert v/d Berg en Amanda Windt.
07 Jan. Henry Büchner, Heidi & Muller Esterhuyse, Elizabeth Joubert, Leonie Kühn en Gerdus Norval.
08 Jan. Johan Bothma, Marisna Strauss, Lieb Swiegers en Yani Viljoen.

09 Jan Martie Bloem, Hanro van Rooyen en Ané van Wyk

Ons gebede is verder vir almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk.
Ons meegevoel ook aan prof Ordino Kok en hulle as familie, by die heengaan van Tannie Lettie (Noorderbloem); haar gedenkdiens is komende Woensdag, 2 Desember om 11:00.

Ds Johan Marais is met langverlof; hy en hulle as gesin bly in ons gebede.

Vir Pastorale Sorg:
In geval van lief of leed in hierdie vakansietyd, kontak die leraar aan diens.

Ons **Bybelstudiegroepe** het afgesluit; ons hervat weer op 27 en 28 Januarie 2027.
Ons **Kategese** vir die jaar het afgesluit; ons benodig nog kategete vir 2027 – kontak asb die leraars. Ons kategese open op Sondag, 17 Januarie 2027.

KERKRAADSAKE

Leiersretreat en jaarbeplannning: Saterdag, 16 Januarie 2027

Verlofreëlings:

Ds. Jan Lubbe	3 tot 13 Desember 2026
Ds. Janke Hurter	30 Desember tot 3 Januarie 2027
Denise Louw (skriba)	9 Desember tot 6 Januarie 2027
Marthina van Zyl (kassier)	12 Desember tot 5 Januarie 2027

Ons verwelkom graag in ons midde, die nuwe terreinbestuurder, **Johan Griessel**, en ons nuwe hulpkoster, **Pieter Lombard**, en wens hul 'n aangename dienstyd by Berg-en-Dal toe.

Die **Kerkkantoor** is gesluit vanaf Vrydag, 11 Desember tot Dinsdag, 5 Januarie 2027.

Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:
In Desember sorg **Barmhartigheid** en Vrywilligers vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy graag gedurende die vakansietyd hiermee wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193). Baie dankie aan al die wykskoördineerders en vrywilligers wat in 2026 hiermee behulpsaam was.

Uit ons Boekwinkel: Kom loer in vir 'n gepaste Kersgeskenk aan 'n geliefde of kind! Die jongste *Kerkbode* is ook agter op die tafel in die kerk of by die Boekwinkel beskikbaar.

EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie Sondag – vanoggend, 29 November: **Teologiese Studente Bystandfonds.** U kan 'n dankoffer via eft of SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).**
Gedurende die vakansietyd gaan 10% van ons eredienskollektes na **Torings vir Hoop** en die **Ancher of Hope Shelter**, en op Kersdag in geheel vir die **Volksblad Omgeefonds**.

Baie dankie aan iedereen vir hul kollektes en geldelike bydraes deur die afgelope jaar – sien die ingeslote brief oor ons gemeentelike finansies.